*Journal of Industrial Psychology, 1994, 21(2), 16-18*
*Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 1994, 21(2), 16-18*

# DIE TYDSKRIF VIR BEDRYFSIELKUNDE 20 JAAR IN BEDRYF

**I VAN W RAUBENHEIMER**

*Randse Afrikaanse Universiteit*

## ABSTRACT

***The Journal of Industrial Psychology: In business for 20 years.*** Reasons for the establishment and the development of the Journal are presented. Statistics are provided regarding the number of manuscripts received, rejected and published, the designation of first authors, the contents of articles, language distribution, etc. In conclusion a number of factors contributing to the success of the journal are identified i.e. absolute outonomy with respect to editorial policy, financial independency, ideological neutrality regarding points of view expressed in articles, and a hardworking, committed editorial board.

## OPSOMMING

Die redes vir die ontstaan en die ontwikkelingsgeskiedenis van die Tydskrif vir Bedryfsielkunde word geskets. Statistiek met betrekking tot aantal manuskripte ontvang, aantal afgekeur en geplaas, herkoms van hoofouteurs, inhoud van artikels, taalverdeling, en so meer word aangebied. Ten slotte word die volgende sukses faktore geïdentifiseer naamlik absolute outonomie wat betref redaksionele beleid, finansiële onafhanklikheid, neutraliteit ten opsigte van ideologiese standpunte en die hardwerkendheid en pligsbesef van redaksielede.

Die ontwikkelingsgeskiedenis van wetenskapsdissiplines volg almal min of meer dieselfde verloop. Nadat die nodige wetenskaplike grondslae by wyse van navorsingswerk en akademiese omlyning gelê is, ontstaan daar gewoonlik 'n behoefte aan georganiseerde strukture soos verenigings, professionele rade en wetenskaplike tydskrifte.

Sonder wetenskaplike tydskrifte waarin die navorsingswerk, idees, opinies en kreatiewe denke van die beoefenaars van die wetenskap uitdrukking vind, kan ontwikkeling en groei beswaarlik verwag word. Trouens die vestiging, instandhouding en deurlopende ondersteuning van 'n vaktydskrif kan as een van die belangrikste infrastruktuurgebeurtenisse in wetenskapsbeoefening beskou word.

Hierdie besef het reeds vroeg in die Duitse sielkunde deurgedring en gestalte gevind in die vestiging van Philosophishe Studien deur Wilhelm Wundt in 1881 (Zusne, 1975, p. 142). Ook in die Verenigde State van Amerika het grondleggers soos G.S. Hall die American Journal of Psychology in 1887 en die Journal of Applied Psychology in 1915, begin (a.w. p. 376). Hierdie pioniertydskrifte bestaan steeds en lewer 'n onskatbare bydrae tot 'n internasionale kommunikasienetwerk vir sielkundiges.

Die geskiedenis van wetenskaplike tydskrifte vir die sielkunde in Suid-Afrika word gekenmerk deur sporadiese pogings wat met groot entoesiasme aangepak is en vir korter of langer periodes volgehou is totdat die grondleggers om welke rede ookal nie meer die voortou bly neem het nie. Sedert die begin sewentigerjare het die volgende tydskrifte op hierdie wyse van die toneel verdwyn. Die Suid-Afrikaanse Sielkundige, Die Suid-Afrikaanse Joernaal vir Sielkunde, Die Tydskrif vir Gedragswetenskap en Psychologia Africana (Raubenheimer in Gilgen, 1987, p. 402).

## 'N EIE TYDSKRIF VIR BEDRYFSIELKUNDIGES

Die Tydskrif vir Bedryfsielkunde het 'n eiesoortige ontstaan en ontwikkelingsgeskiedenis. In die middel sewentigerjare is die behoefte aan 'n publikasiemedium wat die akademiese en navoringswerk van spesifiek bedryfsielkundiges oor 'n breë spektrum reflekteer, sterk aangevoel.

'n Groep dosente, (wat later 'n kernredaksie sou vorm), is in 1974 in die Departement Bedryfsielkunde van die Universiteit van Stellenbosch bymekaar geroep om oor die haalbaarheid van so 'n tydskrif te besin. Die resultaat was die totstandkoming van die tydskrif "Perspektiewe in Bedryfsielkunde/Perspectives in Industrial Psychology". Die eerste nommer, getik en gedupliseer in A5-formaat met 'n relatief gesofistikeerde buiteblad in liggeel en met die naam van die tydskrif en die wapen van die Universiteit van Stellenbosch voorop aangebring, het in 1975 verskyn.

Die uitsluitlike doel van die tydskrif was om inligting aangaande teoretiese, empiriese, en toegepaste werk wat in Suid-Afrika gedoen word, te versprei. Behalwe vir tipografiese- en verwysingsriglyne wat streng op die lees van die American Psychological Association geskoei was (en steeds is) en die eis dat die inhoud van manuskripte van hoogstaande gehalte moes wees, is daar geen beperkings op outeurs geplaas nie. Van 'n bepaalde redaksionele ideologie wat moes geld by die keuring van manuskripte was daar geen sprake nie – vandaar die gebruik om nie redaksionele voorwoorde (wat dikwels voorkeure weerspieël) te skryf nie. In die twintig jaar van die tydskrif se bestaan was daar nie een manuskrip afgekeur op grond van ideologiese standpunte nie – terwyl daar op hierdie dimensie uiteenlopende sieninge gepubliseer is.

In die beginjare is die tydskrif gratis versprei en is die kostes gedek deur bydraes van die Departemente van Bedryfsielkunde van die meeste universiteite in Suid-Afrika.

## AKKREDITERING

Ten einde wetenskaplike navorsing in Suid-Afrika te stimuleer het die Staat in die middel sewentigerjare met 'n stelsel van sogenaamde geakkrediteerde tydskrifte begin waarvolgens universiteite subsidie kon verdien indien hul personeel in sodanige tydskrifte sou publiseer. Hierbenewens het die Staat 'n aantal staatsondersteunde tydskrifte in breë wetenskapsdissiplines begin ondersteun. Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sielkunde het sy ontstaan en voortbestaan aan hierdie bedeling te danke. Sielkunde en bedryfsielkunde word vir die doeleindes van hierdie staatsondersteuning beskou as synde dieselfde wetenskapsdissipline te wees. Die Tydskrif vir Sielkunde het egter nie in die behoeftes van bedryfsielkundiges voorsien nie. Daar is derhalwe besluit om met die tydskrif vir bedryfsielkunde voort te gaan en dit verder uit te bou.

Hoewel nie deur die Staat gefinansier nie, kon Perspektiewe in Bedryfsielkunde aansoek doen, en het ook hierin geslaag, om as geakkrediteerde tydskrif erken te word. Die redaksie was ná akkreditering van oordeel dat die tyd ook nou aan-

*Versoeke vir afdrukke moet gerig word aan I van W Raubenheimer, Randse Afrikaanse Universiteit, Posbus 524, Auckland Park 2006.*

gebreek het om die formaat en die naam van die tydskrif in hersiening te neem. Die resultaat was 'n A4-formaat, 'n nuut ontwerpte buiteblad en 'n nuwe naam naamlik die "Tydskrif vir Bedryfsielkunde/Journal of Industrial Psychology". "Perspektiewe in Bedryfsielkunde/Perspectives in Industrial Psychology" staan derhalwe vanaf 1985 bekend as die "Tydskrif vir Bedryfsielkunde/Journal of Industrial Psychology".

## 'N ONTLEDING VAN MANUSKRIPTE

'n Ontleding van die manuskripte wat oor die jare ontvang is toon 'n hele paar interessante verskynsels soos blyk uit die onderstaande tabel:

**TABEL 1**
**MANUSKRIPTE ONTVANG 1975-1994**

| Parameter | Getal | Persentasies |
|---|---|---|
| **Aantal volumes (jaargange) uitgebring** | 20 | — |
| **Aantal nommers uitgebring** | 61 | — |
| **Aantal artikels gepubliseer** | 223 | — |
| **Manuskripte ontvang** | 279 | — |
| Aanvaar na 1ste indiening | 90 | 32,25 |
| Aanvaar na 2de of 3de indiening | 141 | 50,53 |
| Afgekeur | 18 | 6,45 |
| Onttrek | 30 | 10,75 |
| **Affiliasie van hoofouteur** | | |
| Universiteit | 171 | 76,68 |
| Navorsingsinstansie | 14 | 6,28 |
| Privaatsektor | 25 | 11,21 |
| Privaat | 13 | 5,83 |
| **Taal** | | |
| Afrikaans | 132 | 59,19 |
| Engels | 91 | 40,81 |
| **Aard van inhoud** | | |
| Teoreties | 23 | 10,31 |
| Empiries | 120 | 53,81 |
| Literatuurstudie | 62 | 27,80 |
| Menings/denke | 18 | 8,07 |

Die voorafgaande tabel weerspieël 'n paar interessante tendense. Ongeveer 32% van alle manuskripte wat ontvang is, is na die eerste rondte van evaluering aanvaar vir publikasie. Ongeveer 51% is na die tweede of derde evaluasie aanvaar. Ongeveer 6% is afgekeur en ongeveer 11% is na die eerste rondte van evaluasie deur hul outeurs onttrek.

Dit blyk verder dat die hoofbron van artikels (77%) universiteite is terwyl die privaatsektor vir 11%, navorsingsinstansies vir 6% en die privaatouteurs vir 6% van die artikels verantwoordelik was. Dit is 'n interessante verskynsel. Mens sou verwag dat navorsingsinstansies 'n groter bydrae sou gelewer het. Die betrokkenheid van die privaatsektor is bemoedigend veral as in ag geneem word dat daar ander (meer populêre) tydskrifte in die menslike hulpbronbestuurveld is. Dit blyk dus dat daar individue in die praktyk is wat steeds 'n wetenskaplik-akademiese oriëntasie verkies en waarskynlik handhaaf.

Die taalverdeling van die artikels (59% Afrikaans en 41% Engels) is eweneens insiggewend. Dit reflekteer die spontane ondersteuning wat die tydskrif onder die twee taalgroeperinge van outeurs geniet aangesien taalvoorkeur hoegenaamd nie 'n rol speel as 'n keuringskriterium nie. Hierdie persentasieverhouding reflekteer waarskynlik ook die taalverhouding onder bedryfsielkundiges in Suid-Afrika.

Soos verwag sou kon word is die grootste persentasie (ongeveer 54%) van die artikels van 'n empiriese aard. Wat egter bemoedigend is, is die 10% teoriebou-tipe artikels en die 8% sogenaamde denkartikels. Dit dui onder meer daarop dat bedryfsielkundiges ook wetenskaplike denkers is en 'n behoefte aanvoel om die grondslae van hul wetenskap te verstewig en uit te brei.

In die loop van 20 jaar het altesaam 223 artikels verskyn. Dit sou moontlik geredeneer kon word dat dit nie 'n groot uitset verteenwoordig nie. Dit moet egter in ag geneem word dat die keuring deurgaans baie streng was en is, en dat dit moontlik minder ernstige outeurs kon ontmoedig. Verder is dit so dat die skryf van 'n goeie wetenskaplike artikel 'n tydintensiewe proses is en dat min professionele bedryfsielkundiges in Suid-Afrika 'n oormaat van tyd tot hul beskikking het.

## KEURINGSPROSEDURES EN -BELEID

'n Groot aantal akademici, navorsers en bedryfsielkundiges in die sakewêreld en in privaatpraktyk het deelgeneem aan die evaluering van manuskripte. Dit was deurgaans die beleid van die redaksie om alle manuskripte anoniem te laat evalueer. Met ander woorde referente was nooit bewus van die name van die outeur(s) nie en andersom. Elke manuskrip is deur minstens twee referente nagegaan.

## OORLEWINGSFAKTORE

Vir enige wetenskaplike tydskrif om vir twee dekades voort te bestaan terwyl dit volledig afhanklik is van die inskrywingsgeld van sy lesers en sporadiese finansiële bydraes van goedgesinde organisasies, kan as 'n besondere prestasie beskou word. As dit verder in ag geneem word dat alle redaksielede en referente deurgaans vrywillige diens gelewer het en steeds lewer, maak dit die prestasie soveel merkwaardiger.

Oor die jare het die volgende benaderings en doenwyses van die redaksie geblyk besonder voortreflik te wees. Trouens dit kan as die belangrikste suksesfaktore van die tydskrif bestempel word.

1. **Plasing by 'n universiteit**
   Stabiliteit en kontinuïteit is seker die belangrikste oorlewingsfaktor. 'n Akademiese departement aan 'n universiteit voorsien juis hierdie stabiliteit. Hoewel individue in akademiese departemente mag wissel, bied die organisatoriese infrastruktuur en apparatuur van so 'n departement die ideale omgewing vir kontinuïteit. Die tydskrif was deurentyd die afgelope 20 jaar by 'n universiteit gesetel.

2. **'n Etos van aksie**
   Van die beginjare af het daar by die redaksie van die tydskrif 'n etos van doen eerder as van praat, ontwikkel. Trouens, na die vestiging van die tydskrif in die eerste ongeveer vyf jaar, is daar slegs enkele redaksievergaderings gehou – elk nie langer as 45 minute nie.

   Hierdie soort van effektiwiteit kan slegs bereik word wanneer daar 'n behoorlike werkverdeling en deeglike uitklaring van werksrolle is. Hiermee saam het gegaan die sinvolle praktyk van elkeen wat 'n funksie te vervul het om dit as deel van sy/haar gewone werkslas te beskou en tydskrifwerk volgens 'n weeklikse tydrooster te skeduleer.

3. **Geen ideologieë nie**
   Die tydskrif was van die begin af 'n a-politiese, nonideologiese publikasiemedium. Deur hierdie beleid te volg en te koester het dit 'n tydskrif vir almal geword. Geen voorkeure ten opsigte van standpunt, taal of wetenskapsbenadering het ooit in die samestelling van 'n bepaalde nommer 'n rol gespeel nie. Hierdie benadering is verstewig deur die gebruik om nooit enige redaksionele kommentaar te lewer of standpunte te stel nie. Die enigste vereiste vir opname in die tydskrif was en is dat dit van hoogstaande wetenskaplike gehalte moes wees.

4. **Volkome ongebondenheid**
   Van die begin af was die tydskrif op homself aangewys vir die generering van finansiële middele. Bydraes deur akademiese departemente van universiteite, subskripsie-

gelde en ad hoc skenkings deur organisasies het die nodige fondse voorsien. Bydraes deur die Staat of inkomste uit advertensies het nooit deel hiervan uitgemaak nie.

In enkele gevalle waar daar sekere voorwaardes aan bydraes gekoppel was, is dit summier van die hand gewys. Sodoende kon die tydskrif steeds sy absolute onafhanklikheid verseker en kon dit nooit 'n politieke of ideologiese speelbal in hande van enige individu of groep word nie.

## GEVOLGTREKKING

Bedryfsielkundiges in Suid-Afrika kan met groot tevredenheid terugkyk op 20 jaar van diens gelewer deur die Tydskrif vir Bedryfsielkunde. Met heelwat ervaring opgedoen en met gevestigde en beproefde maniere van doen, bestaan daar geen rede waarom hierdie diens nie in die toekoms voortgesit kan word nie.

Uiteraard bring nuwe omstandighede nuwe uitdagings. Aanpassings in die toekoms sou waarskynlik nodig word. Wat dit egter ookal sou wees, dit behoort volkome geslaagd te wees – mits die genoemde oorlewingsbeginsels nie oorboord gegooi word nie.

## VERWYSINGS

Raubenheimer, I. van W. (1987). Psychology in South Africa. In: A.R. Gilgen & C. Gilgen (Eds.) *International handbook of psychology*. Westpark, C.T. Greenwood Press.

Zusne, L. (1975). *Names in the history of psychology. A biographical sourcebook.* New York: Wiley.